DS. J. G. FEENSTRA: *Barth of Dordt*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1954.

Hierdie werkie van 67 bladsye is van die hand van 'n gereformeerde dominee, wat maar min tyd het vir die Dialektiese teoloë. Eintlik is dit nie net Barth nie, wat dit in die kritiek van neocalvinistiese en fondamentalistiese hoek uit moet ontgeld, maar almal wat maar enigsins met waardering van die teologie van Barth gespreek het.

Die werkie lees nie aangenaam nie. Daarvoor is die gees veels te vyandig. Alles is so negatief gestel. Daar is nergens 'n spoor van waardering nie, net blindelinge veroordeling van Barth en van ortodokse teoloë van die Hervormde Kerk in Nederland. Met genot word aangehaal uit ander werke, soos van teoloë uit Amerika, wat ook nie die minste waardering het nie vir die geweldige stryd van Barth en sy skool. Nie dat ons van opvatting is, dat daar geen ruimte en grond vir geregverdigde kritiek op die teologie van Barth is nie, maar om dit alles te beskryf as die nuutste vorm van Modernisme, is belaglik en verraai gebrek aan teologiese erns. Sulke kritiek raak kant nog wal en kan nooit vir die christelike teologie enige positiewe resultate oplewer nie.

Dit het ons nog altyd verbaas waarom sommige van die gereformeerde teoloë hierdie onversoenlike houding aangeneem het teenoor die dialektiese teologie. Daar is tog volmondige erkenning dat Barth en ander saam met hom in opstand gekom het teen die oppermag van die Modernisme in die protestantse teologie. Inplaas van waardering vir sover dit waardering verdien, van hierdie bondgenoot in die stryd teen die modernisme, word daar o.i. teveel oppervlakkig geoordeel en veroordeel. Dit laat mens onwillekeurig dink aan die beskuldiging wat teen Jesus ingebring was: dat Hy die duiwels sou uitwerp en die krankes sou genees deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Wat goed is word, omdat ons nou eenmaal onverdraagsaam en selfversekerd is, kwaad genoem.

H. P. WOLMARANS.